## 9 Julie — Johannes 5:30-40 (5:31)

### *Die getuienis oor Jesus is oorweldigend*

Ons Here Jesus het 'n ontsaglike stryd gevoer om die Jode te oortuig dat Hy die Seun van God is. Geen woord of wonder van sy kant af kon hulle beweeg tot geloof in Hom nie; Inteendeel, hulle het probeer om Hom dood te maak, om twee redes: Hy het die Sabbat ontheilig (die verlamde man genees) en Hy het ook God sy eie Vader genoem en Hom so met God gelyk gestel.

Die Fariseërs het beweer: "Jy getuig oor jouself, jou getuienis is dus nie geldig nie". Hy weerlê daarom kragtig die leuen dat net Hy oor Homself getuig. In die gelese gedeelte noem Hy dan die vier getuienisse oor Hom wat onweerlegbaar is:

- Johannes die Doper. Hy getuig onder andere: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem".
- Die werk wat die Vader Hom gegee het om te voltooi - sy prediking en wonders en sy kruisdood wat voorgelê het.
- "...die Vader wat My gestuur het, het ook oor My getuienis afgelê" - onder andere by Jesus se doop: "Dit is My geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My".
- "...die Skrif wat oor My getuig".

Jesus verwyt sy vyande: "Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie". Later waarsku Hy hulle weer dringend: "As julle nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in julle sondes sterwe". Glo jy hierdie vier getuienisse? Waarvan verseker ons Here Jesus elkeen wat glo? (Joh. 5:24).

Sing: Psalm 45:1, 16

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)